# Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

5 April 2024

Geagte ouers/voogde

## NUUSBRIEF 11/2024

**NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE**

**FONDSINSAMELING**

- **Sakkeprojek (Kwartaal 2)**
  Vir baie ouers/voogde, weet ek beslis, hierdie is een gewilde jaarlikse fondsinsamelingsprojek wat wel 'n tasbare en bekostigbare produk aan 'n moontlike koper bied ten bate van jou wonderlike skool.
  Elke leerder ontvang vandag 'n Sakkevorm vir bestellings. Hou asseblief ons kommunikasie dop vir datums en tye van uitdeel van pakkette deur die loop van die Projek.
  Die pakkette bestaan uit die volgende:
  ✓ 20 Swart vullissakke
  ✓ 20 Huishoudelike vullissakke
  ✓ 60 Vriessakkies (20 cm x 40 cm)
  Al die bogenoemde sakke vir SLEGS R50 per pakket.

- **Bouprojek**
  Hoewel enige verdere skenkings en hulp steeds welkom is, neem asseblief kennis dat alle vorms reeds ingehandig moet wees. Indien enige vorm nog uitstaande is, handig dringend in asseblief.
  Indien enige verdere skenkings en/of navrae, kontak asseblief ons argitek/projekleier, meneer LW van der Merwe by lwvdmerwe@mediplanarch.co.za

**OUERAAND (Kwartaal 2)**

Ouers/Voogde van graad R- tot 7-leerders, indien enige bekommernisse, kan personeel kom besoek in hul onderskeie klasse. Ons vra wel dat u in gedagte hou wanneer u 'n personeellid besoek, om dit kort en kragtig te hou, aangesien daar wel ook ander ouers is wat dieselfde personeellid te woord wil staan.

✓ Woensdag, 10 April 2024 (17:00 – 19:00)
✓ Parkering – 30ste Laan (Motorhek)
– 30ste Laan (Kerhekkie)

Soos u reeds herhaaldelik gehoor het, het sekere personeel nie 'n eie klaskamer nie, en kan daarom in die saal te woord gestaan word.

Die volgende personeel kan dan wel in die saal besoek word:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Mnr. Aldrich Botha | Engels | Graad 5 |
| | Fisiese opvoeding | Graad 7 |
| ✓ Me Bianca Francis | EBW | Graad 7 |
| | Fisiese opvoeding | Graad 4 – 6 |

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Mev. Karina Otten | Kreatiewe kuns | Graad 6 |
| | Musiek & Visuele kuns | Graad 7 |
| ✓ Mnr. Wessie vd Westhuizen | Sosiale wetenskap | Graad 7 |

**HULPPROGRAM (Graad 1 – 3)**

Neem kennis dat ons Hulpprogram ook weer volgende week in aanvang neem. Leerders wat deur personeel geïdentifiseer word, se ouers/voogde sal die nodige inligting ontvang.

**GRAAD R (2025)**

Graad R (2025) se aansoek om inskrywing is reeds oop en vele is alreeds ingehandig. Ons doen ‘n beroep op ons bestaande ouers/voogde wat ook kinders in groter grade het, wie ‘n graad R-kind wil inskryf by ons volgende jaar, om baie spoedig hul aansoekvorms in te gee.

**SPORT**

Wanneer daar sportoefeninge en wedstryde oorbaan plaasvind, bêre spelers/speelsters hul tasse in die tennishok, **en nie naby die motorhek**, om sodoende tasse en besittings te beskerm.

- **Rugby**
  - **Bulletjierugby (Graad R- tot 2-seuns)**

    Betrokke ouers/voogde kan nou die seisoengeld betaal van R430.00 Betaling vir die Bulletjieseisoen sal gehef word op u skoolgeldrekening. Alle betalings word slegs by die finansiële kantoor gedoen, of per EFT-betaling waarvan die verwysingsnommer as volg is: U familiekode met die woord “Bul.”

    Vir enige verdere inligting, kontak mnr. Johan Basson by 0827785800.

    Oefentye vir die komende week:

    ✓ Maandag en Woensdag 17:00 – 18:00

    Ondersteunerstruie:

    Goeie nuus!!! Die amptelike ondersteunerstruie het geland by Villies Klerehub. Pryse begin by R245 tot en met Large, daarna gaan pryse R10 op per grootte.

  - **Seuns o/9 – o/13**

    Oefentye vir die komende week:

    | | | |
    |---|---|---|
    | ✓ Maandag | o/9 en o/10 | 15:00 – 16:00 |
    | | o/11 – o/13 | 16:00 – 17:00 |
    | ✓ Donderdag | o/9 en o/10 | 14:00 – 15:30 |
    | | o/11 – o/13 | 15:30 – 17:00 |

    Wedstryde vir die komende week:

    ✓ Dinsdag, 9 April 2024 (Alle spanne behalwe o/10B)
    Laerskool Mayville en Laerskool Rietondale (Tuis).
    Spelers sal ‘n program ontvang.

    ✓ Donderdag, 11 April 2024 (Slegs o/9C, o/10B, o/11B, o/13D, o/13E)
    Laerskool Totiusdal (Weg)
    Spelers sal ‘n program ontvang.

- **Skaak**

  Oefentye vir die komende week:

  | | | | |
  |---|---|---|---|
  | ✓ Maandag en Woensdag | Graad 2 en 3 | 13:30 – 14:15 | (Klas 53) |
  | ✓ Maandag en Woensdag | Graad 4 en 5 | 13:45 – 14:30 | (Klas 30) |
  | ✓ Maandag en Woensdag | Graad 6 en 7 | 13:45 – 14:30 | (Klas 29) |

- **Netbal**
  - ➢ **Mandjie-Netbal**
    Oefentye vir die komende week:
    - ✓ Dinsdag en Donderdag 13:00 – 14:00

  - ➢ **Mini-Netbal**
    Oefentye vir die komende week:
    - ✓ Dinsdag en Donderdag 14:00 – 15:00

  - ➢ **Dogters o/10 – o/13**
    - ✓ Oefentye vir die komende week:
      *A- en B-spanne*
      Dinsdag 14:00 – 15:30

      *C-spanne*
      Dinsdag 15:00 – 16:00

    - ✓ Wedstryde vir die komende week:
      Donderdag A- en B-spanne Laerskool Tuine (Tuis)
      C-spanne Laerskool Boerefort (Tuis)

    - ✓ Program:

| TYD | BAAN 4 | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 | BAAN 5 | BAAN 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 14:30 – 15:05 | o/10C | o/11B | o/12A | o/13C | o/9A | o/8B |
| 15:10 – 15:45 | o/10A | o/11C | o/12B | o/13A | o/9B | o/8A |
| 15:50 – 16:25 | o/10B | o/11A | o/12C | o/13B | | |

✓

**KULTUUR**

- **ATKV-Redenaarskompetisie**
  Ingeskrewe leerders is self verantwoordelik vir die aanleer van hulle praatjies. Daar sal op Maandae en Woensdae (13:30 – 14:00), kultuurpersoneel beskikbaar wees in juffrou Lou-Hanri Breedt se klas vir inoefening en afronding van redenaarspraatjies. Oefening begin Maandag, 8 April 2024. Hierdie is nie verpligtend nie, maar kan werklik help met die voorbereiding en dat die leerder meer vertroud is met hul praatjies, sodat hulle met selfvertroue en trots kan gaan deelneem aan die redenaarskompetisie.

- **Sang (Klassieke musiek)**
  Leerders wat aan die oudisies kom deelneem het, en geslaag het, ontvang Maandag, 8 April 2024 ‘n brief met al die nodige inligting. Afrigting en oefening begin amptelik op Maandag, 15 April 2024. Leerdes sal deelneem aan die Noordekruin Kunstefees wat vanaf 12 – 24 Augustus 2024 plaasvind.
  Ons is baie opgewonde en dankbaar om weer in 2024 vir Tannie Jeanne as begeleier en afrigter te verwelkom. Tannie Jeanne het jare se ondervinding in musiek en ons glo dat ons leerders in hierdie kultuurafdeling ook gaan skitter.

- **Sang (Ligte musiek)**
  Ons wil in 2024 meer leerders bemagting en die geleentheid bied om te kan deelneem aan kultuuraktiwiteite. Leerders sal vanjaar die geleentheid kry om deel te neem aan die Noordekruin Kunstefees se Vokaal Ligte Musiek. Die leerders sal die geleentheid kry om ‘n liedjie te sing met die gebruik van ‘n klankbaan (backtrack).

Oudisies vir hierdie afdeling vind plaas soos volg:

- ✓ Graad 1- tot 3-leerders Maandag, 8 April 2024 14:00 – 15:30
- ✓ Graad 4- tot 7-leerders Woensdag, 10 April 2024 14:00 – 15:30

Albei dae in juffrou Mariska Campbell se klas (Klasno. 49).
Leerders wat deurdring sal Maandag, 15 April 2024 'n skrywe ontvang.

- **Roer-Jou-Voete-Liedjiefees**
  Alle leerders ontvang Maandag, 8 April 2024 'n skrywe met die inligting vir hierdie jaar se "Roer-Jou-Voete-Liedjiefees". Dit is 'n eerste vir Laerskool Villieria waar ons, ons Liedjiefees op 'n groot buitelug verhoog gaan hou. Motiveer asseblief u kind(ers) om te kom deel in die avontuur, waar elke leerder in graadverband gaan saam sing, dans en sommer net weer die mooi van kind wees vier.
  Oefening sal in skooltyd geskied om soveel moontlik leerders die geleentheid te bied om te kan deelneem.

- **Graad 6- en 7-dansgroep**
  Die eerste opwinding vir die "Roer-Jou-Voete-Liedjiefees" het reeds begin. Baie dankie aan die leerders wat kom deelneem het aan die oudisies vir die groep.
  Oefening vir hierdie dansgroep vind plaas soos volg:
  - ✓ Oefening begin Maandag, 8 April 2024.
  - ✓ Maandae en Woensdae 14:00 – 15:00 Skoolsaal

  Ons doen egter 'n beroep op hierdie leerders om die oefeninge getrou by te woon.

**GRAAD 6- EN 7-OPVOEDKUNDIGE TOER (Veldskool)**

Alle graad 6- en 7-leerders het reeds in Januarie 2024 briewe ontvang rakende hul opvoedkundige toer gedurende Oktober 2024. Neem vroegtydig kennis van die betalingsopsies. Indien EFT-betalings, wees seker u maak gebruik van u familiekode en die woord "Veldskool" as verwysing.

## HERHALENDE BOODSKAPPE

### SPORT


- **Hekkies (Afrigting)**
  Kontak asseblief mev. Myrtle Grobler by 0828201989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies. Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.

- **Fietsry**
  Indien jy enigsins al die gevoel gekry het dat jy tog jou kind vir 'n slag van die rusbank af wil kry, hier is jou kans. Laerskool Villieria is geaffilieer by Gauteng-Noord Skole Fietsry.
  'n Laerskool Villieria gazebo sal sigbaar wees by die byeenkomste vir leerders en/of ouers wat navrae het of sommer net 'n draai daar wil maak.
  Vir alle fietsry navrae, kontak mnr. Dewald van der Merwe – 0605199342.
  Sien onderstaande advertensie vir alle nodige inligting om in te skryf vir die opkomende byeenkomste.

- **Hengel**
  Goedkeuring is verleen, soos met fietsry, dat belangstellende leerders van ons skool by hierdie aktiwiteit betrokke kan raak en onder ons skool se naam mag deelneem. Of u kind(ers) al vis gevang het of nie, alle leerders is welkom. Hierdie aktiwiteit funksioneer heeltemal op sy eie. Geen personeel van ons skool is betrokke nie.
  Kontak asseblief vir mnr. Nico Stapelberg by 0609240851 of stapelberg911@gmail.com

Leerders wie Provinsiale- en/of Nasionale Kleure verwerf, sal wel tydens ons weeklikse saalopeninge erkenning kry en mag soos enige ander prestasie op Vrydae hul Provinsiale en/of Nasionale Kleure skool toe aantrek.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**




Villiesgroete

**DP HAASBROEK**
**HOOF**

***SIEN ADVERTENSIES OP VOLGENDE BLADSYE***


COLOUR STRINGS
MUSIEK
ONTWIKKEL MUSIKALITEIT OP
'N PRETTIGE, NATUURLIKE MANIER!
VOOR-INSTRUMENTALE
ONTWIKKELING.
2 - 9 JARIGES
R250 'N MAAND, R180 REGISTRASIE
Riana Fourie - 082 348 8344
Eduplex Music Akademie


FP
FLUSH PLUMBERS
Est.2008
NO CALL-OUT FEE
ALL MAINTENANCE
GEYSERS
LEAK DETECTION
BLOCKED DRAINS
R500 PER HOUR
VILLIERIA/MOOT AREA ONLY
T&Cs apply
After hour labour & material excluded
CASH ONLY
FOR THE MONTH OF MARCH
074 320 7194
flush.plumbing@yahoo.com
www.flushplumbers.co.za




## <u>No More Lice Forever</u>

**Gemaklike optel punte in Villeria + Rietfontein**

***Soos geadverteer voor in die Villeria Dagboekie vir 2024***

# GAUTENG SCHOOLS CYCLING

## DATES 2024

### GAUTENG SCHOOL SERIES

| PRIMARY SCHOOLS | | |
|---|---|---|
| Event #1 | 24 February | Hazeldean Valley Farm |
| Skills #1 | 9 March | Grootfontein MTB Park |
| Skills #2 | 6 April | Hazeldean Valley Farm |
| Event #2 | 11 May | Prime View Adventure & Leisure |
| Event #3 | 1 June | Die Bosveld |
| Event #4 | 3 August | Steyn City |
| Event #5 | 24 August | Grootfontein MTB Park |
| Interprovincial | 19 October | Harrismith |

GAUTENG SCHOOLS CYCLING